Hoofstuk 101 Die Treffende Gebeurtenis / Surah Al-Qariah & Hoofstuk 102 Die mens kompeteer in die bymekaarmaak van rykdom / Surah At-Takathur

Hoofstuk 101

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

Die dade van die mens, goed of sleg, sal geweeg word

1. Die Treffende Gebeurtenis!: die oorweldigende, oorverdowende, verbysterende, allesomvattende Opstandingsdag, die Oordeelsdag!

2. Wat is hierdie vreesaanjaende, ontsagwekkende, onbekende, verwonderingswekkende en Treffende Gebeurtenis?

3. En watter beeld of vergelyking mag jou dalk help om te verstaan wat die Treffende Gebeurtenis is wat alle begrip en verbeelding te bowe gaan.?

4. Op die dag wat dit plaasvind, sal mense verward rondskarrel soos motte, want daar sal niks wees waarvan hulle meer seker kan wees nie...

5. ...selfs die berge sal nie meer vas en roerloos wees nie.

6. Dan sal Allah die waarde bepaal van elke mens se goeie dade soos wat 'n mens iets op 'n skaal weeg of dit evalueer, en dan sal diegene wie se goeie dade swaar weeg...

7. ...'n gelukkige lewe hê.

8. Maar die een wie se goeie dade lig weeg op die skaal,

9. se enigste tuiste en veilige plek om heen te vlug sal die onbepaalbare diep afgrond wees,

10. En watter beeld of vergelyking mag jou dalk help om te verstaan wat die onbepaalbare diep afgrond is?

11. 'n Gloeiende, vlammende Vuur!

Ma'ariful Quran volume 3 bladsye 539 tot 547 gee 'n volledige beskrywing van die weeg of evaluasie van menslike dade

Hoofstuk 102

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Julle aandag word so besig gehou met die bymekaarmaak van aardse rykdom en voordele, dit lyk eintlik of julle met mekaar kompeteer so trots is julle op die oorvloed wat julle besit...

2. ...tot die dag kom wat die dood julle oorval en julle begrawe word: julle is so besig met hierdie aardse dinge dat julle vergeet van die Hiernamaals tot op die dag wat die dood julle kom gryp en julle gekonfronteer word met die straf van Allah.

3. Nee! Moenie so wees nie: julle houding is heeltemal verkeerd. Julle sal binnekort die waarheid uitvind.

4. Ek sê weer: julle sal binnekort uitvind.

5. Nee! As julle met sekerheid geweet het wat die Hiernamaals vir julle inhou, en dat julle verantwoording sal moet doen vir julle aardse bestaan, sou julle nie toegelaat het dat julle so vasgevang raak in die bymekaarmaak van aardse goed en so trots daarop gewees het nie.

6. Julle gaan sekerlik die Hel sien,

7. en met julle eie oë sodat julle bo alle twyfel seker kan wees daarvan.

8. Dan sal jy uitgevra word oor jou dankbaarheid teenoor Allah vir alles wat jy in hierdie wêreld geniet het: of jy dankbaar was en dit reg gebruik het en of jy ondankbaar was en dit misbruik het. (K17:36)